

'n Voorskootjie vir 'n morsjors

Waarom altyd hande in die hare sit oor 'n kind se **gevlekte klere**? Maak 'n **vrolike voorskootjie** ... en siedaar! Saamgestel deur Sandra Bodenstein

ALGEMENE AANWYSINGS

- Gebruik deurgaans bypassende masjiengare.
- Gebruik blokpatroonpapier – blokkies = 2 x 2 cm – om kleiner diagramme op te vergroot en na te trek en só jou eie papierpatrone te maak. 1 blokkie op diagram = 10 x 10 cm. Plaas patroonbuitelyn op blokke met behulp van kolletjies. Verbind dan met soliede lyn. Blokpatroonpapier is 73 x 98 cm groot.

MATE

Die patroon is ontwerp om te pas vir kinders van 2-3 jaar.

JY BENODIG

1 m katoen, 115 cm breed – jy kan 2 voorskootjies uit 1 breedte verkry; 3,10 m skuinsband; 2 knope; gare; reslappies in helder kleure vir sakkie; knoop vir oog; krale en Vilene.

MAAK SÓ

VOËLMOTIEF

- Versterk kledingstof met Vilene.
- Vou bekkie op voulyn en stik lang kant toe. Sny hoekie af naby stiksel en dop om. Pars.
- Vou voëllyf op vou. Speld bekkie in posisie.
- Stik lyfiepante toe met verkeerde kante teenmekaar, maar los 3 cm oop vir omdop.
- Dop om en pars.
- Speld opening toe sodat dit toegestik word wanneer sak op voorskoot vasgestik word.
- Vleg 3 stukkie wol vir bene en ryg krale in vir pote.




foto MARIAM GILLAN; model LAURÉ

- Stik lyfieronding op voorskoot vas. Versterk punte.
- Werk "oog" in posisie vas.

VOORSKOOT

- Werk voorskootronding met skuinsband af – plaas skuinsband dubbel oor randjie van kledingstof en stik bo-op.
- Werk soomkant eerste af en dan

ander dele.

- Vou skuinsband effens oor by hoeke vir netjiese afwerking.
- Knip skuinsband gelyk met bandpunte af en werk bokant van bande met afsonderlike stukkie skuinsband af, of vou net om en soom.
- Maak knoopsgat in elke bandpunt – versterk punt met Vilene

voor jy knoopsgat maak.

- Werk knoop vas by elke punt van ronding.
- Maak bande oorkruis oor ruggie met knopies vas.

VIONA VILJOEN het die voorskootjie eksklusief vir ROOI ROSE ontwerp en gemaak.

